
### 2. ASSESSERING
Studente word deur middel van 'n verhandeling geassesseer. Die verhandeling moet getuig van die kandidaat se vermoë tot onafhanklike navorsing, duidelike formulering en vakkundige insig.

### 3. KURRIKULUM
Studente kies 'n navorsingsonderwerp in oorleg met die studieleier en departementshoof.

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| ANT700 | Verhandeling | 130 |

## REG. B41 PHILOSOPHIAE DOCTOR – ANTROPOLOGIE Ph.D.
**Studiekode: 1960** **256 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES
Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene inligting, mag studente tot die Doktorsgraad in Kulturele Antropologie

toegelaat word indien hulle in besit is van 'n Magistergraad in Antropologie.

Die finale aanvaarding van 'n kandidaat is onderworpe aan die suksesvolle aflegging van 'n mondelinge eksamen oor toepaslike onderwerpe en temas.

**2. KURRIKULUM EN ASSESSERING**

Studente moet 'n proefskrif (modulekode ANT900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is. Die proefskrif moet getuig van onafhanklike, indringende navorsing wat 'n oorspronklike, wetenskaplike bydrae tot die bestaande vakwetenskap sal lewer.

## BYBELKUNDE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie vir meer besonderhede.

## ONDERNEMINGSBESTUUR

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir meer besonderhede.

## REG. B42 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – KRIMINOLOGIE
## B.A.Hons.
## Studiekode: 1500 128 krediete

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting, mag studente tot die Honneursgraad in Kriminologie toegelaat word indien hulle oor 'n Baccalaureusgraad met 96 krediete in Kriminologie beskik **en** minstens 60% in KRM344 of in 'n ekwivalente navorsingsmodule behaal het. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op voorgraadse vlak en keurings-vereistes wat die Departementshoof bepaal indien 'n tydperk van langer as twee jaar verloop het sedert die verwerwing van die voorafgaande kwalifikasie.

Kandidate moet aansoek doen vir toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die Departementshoof aansoek doen; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander universiteite moet direk by die UV-administrasie (Afdeling Akademiese Studentedienste) aansoek doen om toelating.

### 2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

Die kurrikulum vir die B.A.Hons. in Kriminologie moet soos volg saamgestel word:

#### 2.1 Verpligte modules (32 krediete)

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| KRM618 | Gevorderde Kriminologiese Teorie | 16 |
| KRM628 | Gevorderde Penologiese Teorie en straftoemeting | 16 |

2.2 **Keusemodules (32 krediete):** studente moet **twee** modules uit die onderstaande tabel in oorleg met die Departementshoof kies.

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| KRM638 | Fisiese Antropologie van die misdadiger | 16 |
| KRM648 | Jeugmisdaad | 16 |
| KRM658 | Misdaadvoorkoming | 16 |
| KRM668 | Viktimologie | 16 |

**Assessering:** Elke module word geassesseer tydens 'n drie-uur skriftelike eksamenvraestel. Die eksamenvraestelle is onderhewig aan interne en eksterne assesering.

### 2.3 Uitgebreide skripsie (64 krediete)

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| KRM691 | 'n Uitgebreide skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp | 64 |

**Assessering:** Die uitgebreide skripsie is onderhewig aan interne en eksterne assessering.

Die volgende gelykskakelings geld vanaf 2008 vir Kriminologie:

| Ou modulekode | Nuwe modulekode |
|---|---|
| KRM638 | KRM628 |
| KRM648 | KRM628 |
| KRM658 | KRM638 |
| KRM668 | KRM648 |
| KRM678 | KRM658 |
| KRM688 | KRM668 |

## REG. B43 MAGISTER ARTIUM – KRIMINOLOGIE M.A.

**Studiekode: 1700** **130 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting en die voorwaardes wat die departementshoof bepaal, mag studente tot die Magistergraad in Kriminologie toegelaat word indien hulle oor 'n Honneursgraad in Kriminologie beskik en minstens 60% in KRM691 of in 'n ekwivalente navorsingsmodule of skripsie behaal het. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op voorgraadse- en honneursvlakke en keuringsvereistes wat die Departementshoof bepaal indien 'n tydperk van langer as twee jaar verloop het sedert die verwerwing van die voorafgaande kwalifikasie.

Kandidate moet aansoek doen vir toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die Departementshoof aansoek doen; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander universiteite moet direk by die UV-administrasie (Eenheid vir voornemende studente) aansoek doen om toelating.

### 2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

Studente moet 'n verhandeling (Modulekode KRM700) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die studieleier en die Departementshoof gekies is. Die verhandeling is onderhewig aan interne en eksterne assessering.

## REG. B44 PHILOSOPHIAE DOCTOR – KRIMINOLOGIE Ph.D.
**Studiekode: 1960** **256 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting en die voorwaardes wat die Departementshoof bepaal, mag studente tot die Doktorsgraad in Kriminologie toegelaat word indien hulle oor 'n Magistergraad in Kriminologie beskik. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen of enige ander keurings-vereistes wat die Departementshoof bepaal.

Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, moet by die Departementshoof aansoek doen om toelating; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander Universiteite, moet direk by die UV-administrasie (Eenheid vir voornemende studente) aansoek doen om toelating.

### 2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

Studente moet 'n proefskrif (modulekode KRM900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is. Die proefskrif is onderhewig aan interne en eksterne assessering.

# EKONOMIE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese Bestuurs-wetenskappe.

# GEOGRAFIE

## REG. B45 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – GEOGRAFIE
**B.A.Hons.**
**Studiekode: 1500 — 128 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES
'n Student moet ten minste 'n gemiddelde slaagsyfer van 60% vir alle Geografie modules (64 krediete) op derdejaarsvlak verwerf om tot die Honneursgraad toegelaat te word. In uitsonderlike gevalle kan die Departement toestemming verleen vir toelating tot die studie mits die student deur mondelinge en/of skriftelike assessering bewys kan lewer dat hy/sy vertroud is met die nuutste teoretiese en begrondingsaspekte van die vak. Afhangend van 'n student se akademiese agtergrond kan addisionele modules vereis word. 'n Bewys van rekenaarvaardigheid word vereis vir GIS616 en GFGF656 of GGF666. Om toelating tot die eksamen te kry moet 'n student 'n semestersyfer van ten minste 50% vir elke module behaal. Taalvaardigheid in Engels sal geëvalueer word. Indien nie aan die vereiste standaard voldoen word nie, moet 'n addisionele taalmodule geneem word.

### 2. KURRIKULUM
GEO616 en GEO692 is verpligtend. Drie modules (72 krediete) uit die res met inagneming van vereistes:

| | | **Krediete** |
|---|---|---|
| GEO616 – | Vakteoretiese begronding van Geografie | 24 |
| GGH626 – | Gevorderde toerismestudies (Slegs Qwaqwakampus) | 24 |
| GEO692 – | Skripsie | 32 |
| GGH636 – | Stedelike geografie | 24 |
| GGH646 – | Stedelike geografie | 24 |
| GGH676 – | Toerisme en Rekreasie geografie | 24 |
| GGH686 – | Toerisme en Rekreasie geografie | 24 |
| GGF616 – | Omgewingsgeografie | 24 |

GGF626 – Omgewingsgeografie ................................................ 24
GGF636 – Toegepaste Geomorfologie ...................................... 24
GGF646 – Toegepaste Geomorfologie ...................................... 24
GIS616 – Geografiese Inligtingstelsels (Gevorderd) ................ 24
GIS626 – Geografiese Inligtingstelsels (Intermediêr) ............... 24
GIS646 – Ruimtelike analise en -modellering ........................... 24
GGF656 – Afstandwaarneming en Beeldverwerking ................. 24
GGF666 – Afstandwaarneming en Beeldverwerking ................. 24
GEO606 – *Capita Selecta* uit die Geografie ............................... 24
XXXYY6 – 'n Vraestel uit 'n relevante studierigting waarvoor toelating verkry is. (Gebruik die toepaslike modulekode.) ...................... 24

## REG. B46 MAGISTER ARTIUM – GEOGRAFIE
**M.A.**
**Studiekode: 1700** **130 krediete**

Kandidate moet aansoek doen om toelating. Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting, is toelating onderhewig aan 'n Honneurs (of ekwivalente) graad in Geografie. Die kursus vereis:

GEO700 – 'n Verhandeling

## REG. B47 PHILOSOPHIAE DOCTOR – GEOGRAFIE
**Ph.D.**
**Studiekode: 1960** **240 krediete**

Kandidate moet aansoek doen om toelating. Onderhewig aan die vereistes soos uiteengesit in 1.4. onder Algemene Inligting, mag studente tot studie vir 'n Doktorsgraad in Geografie toegelaat word indien hulle in besit is van 'n Magistergraad. Die kursus vereis:

GEO900 – 'n Proefskrif

# GESKIEDENIS

## REG. B48 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – GESKIEDENIS B.A.Hons. Studiekode: 1500 128 krediete

**VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING**

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die B.A. Honneurs, geld die volgende:

1. Toelating tot die Honneurs in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van enige driejarige Baccalaureus-graad, en moet voorgraads Geskiedenis op eerste-, tweede- en derdejaarsvlak suksesvol voltooi het (dus Geskiedenis vir drie volle akademiese jare geneem het).

**KURRIKULUM**

Die kursus bestaan uit drie vraestelle van drie uur elk van 32 krediete, asook 'n skripsie van 32 krediete:

- GES601: Vakteorie, navorsingsmetodologie en moderne historiografie (32 krediete)
- GES602: Terreur en outokrasie in historiese perspektief (32 krediete)
- GES603: Menseregteskendings, waarheid en geregtigheid in historiese perspektief (32 krediete)
- GES691: Skripsie (40-50 bladsye teks) (32 krediete)

Die kursus kan voltyds in een jaar voltooi word, of deeltyds oor twee jaar. In die geval van deeltydse studie, moet GES601 altyd in die eerste semester van die eerste studiejaar geneem word, en word GES691 (die skripsie) in die eerste semester van die tweede studiejaar voltooi. Voltydse studente neem GES601 en GES691 parallellopend in die eerste semester, en GES602 en GES603 parallellopend in die tweede semester. Die skripsie moet getuig van selfstandige navorsing en word

onder leiding van 'n studieleier, soos deur die Departementshoof aangewys, voltooi, oor 'n tema soos op ooreengekom deur die student en studieleier. Dit staan studente vry om – met goedkeuring van die Departementshoof – in die plek van of GES602 of GES603, 'n Honneursmodule van 32 krediete in 'n aanverwante dissipline te neem.

---

## REG. B49 MAGISTER ARTIUM – GESKIEDENIS M.A.

**Studiekode: 1700 — 192 krediete**

---

**VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING**

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die Magisterstudie, geld die volgende:

1. Toelating tot die Magister in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van ten minste 'n Honneursgraad in Geskiedenis of in 'n aanverwante dissipline, of oor 'n nagraadse diploma beskik, en moet Geskiedenis op eerste-, tweede- en derdejaarsvlak suksesvol voltooi het (dus Geskiedenis voorgraads vir drie volle akademiese jare geneem het).

**KURRIKULUM**

**Verhandeling GES700 (192 krediete) Studiekode 1830**

'n Tema word deur die kandidaat in oorleg met 'n studieleier in die departement gekies

**of**

'n **Gestruktureerde program (192 krediete) Studiekode 1831**

word gekies, wat handel oor die oorhoofse tema "Aspekte van die geskiedenis van twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis" en wat bestaan uit vyf vraestelle van twee uur elk:

- GES701: Navorsingsmetodologie en verwante sake (24 krediete)
- GES702: Inleiding tot die geskiedenis van twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis (24 krediete)
- GES703: Aspekte van die geskiedenis van Suid-Afrika, ca 1939-1961 (24 krediete)

- GES704: Aspekte van die geskiedenis van Suid-Afrika, ca 1961-1980 (24 krediete)
- GES705: Aspekte van die geskiedenis van Suid-Afrika sedert ca 1980 (24 krediete)

**asook**

- GES791: Uitgebreide skripsie (50-75 bladsye teks) (72 krediete)

**Let wel:**

1. Die gestruktureerde program word slegs op 'n deeltydse grondslag oor 'n periode van twee jaar aangebied. Studente word gevolglik ook slegs toegelaat om elke tweede jaar die eerste keer vir dié gestruktureerde kursus te registreer.
2. Modules GES701, GES702, GES703 en GES704 word opeenvolgend in die eerste studiejaar aangebied met eksamens oor GES701 en GES702 tydens die mid-jaar eksamengeleenthede en oor GES703 en GES704 tydens die eind-jaar eksamen-geleenthede.
3. Module GES705 word in die eerste kwartaal van die tweede studiejaar aangebied met 'n eksamen tydens die mid-jaar eksamengeleenthede.
4. Die skripsie (GES791) moet in die loop van die res van die tweede studiejaar voltooi word, onder leiding van 'n studieleier deur die Departementshoof aangestel en oor 'n tema soos ooreengekom deur die studieleier en student.

**ASSESSERING**

1. Assessering sluit in interne assessering, sowel as eksterne assessering en moderering.
2. Die navorsingskomponent van die Magisterstudie (seminare, skripsie en verhandeling) moet getuig van die vermoë tot onafhanklike navorsing, selfstandige oordeel en insig.

## REG. B50 PHILOSOPHIAE DOCTOR – GESKIEDENIS
**Ph.D.**
**Studiekode: 1960 — 360 krediete**

### VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die Ph.D.-studie geld die volgende:

1. Toelating tot die Ph.D. in Geskiedenis is onderhewig aan die goedkeurig van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van 'n Magister in Geskiedenis of enige ander Magistergraad verkieslik in 'n verwante dissipline in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatings-assessering vereis kan word.

### KURRIKULUM

'n Proefskrif (modulekode GES900) oor 'n navorsingsonderwerp word deur die kandidaat in oorleg met die promotor gekies. Die proefskrif moet getuig van onafhanklike, indringende navorsing wat 'n oorspronklike, wetenskaplike bydrae tot die bestaande vakwetenskap sal lewer.

### ASSESSERING

'n Graad sal toegeken word na suksesvolle voltooiing en assessering van die proefskrif deur 'n paneel van interne en eksterne assessore.

# NABYE OOSTERSE STUDIE

## REG. B51 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – NABYE OOSTERSE STUDIE
**B.A.Hons.**
**Studiekode: 1500** **128 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES
Naas die algemene toelatingsvereistes tot die B.A. Honneurs, geld die volgende:

i) Studente moet minstens Hebreeus en/of Aramees op 200-vlak hê om die fokusareas van Bybeltale en -literatuur te volg.
ii) Studente in besit van 'n Baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie in 'n aanverwante dissipline mag op aanbeveling van die Departementshoof toegelaat word tot daardie fokusareas sonder spesifieke Nabye Oosterse taalverpligtinge.

### 2. KURRIKULUM EN ASSESSERING
Keuses moet in oorleg met die departementshoof gekies word.

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NOS618 | Inleiding tot Nabye Oosterse Studie | 32 |
| NOS628 | Navorsingsmetodologie en subveldteorieë | 32 |
| NOS648 | Klein navorsingsprojek in 'n fokusarea | 32 |

Twee verdere modules van 16 krediete elk uit een van die onderstaande fokusareas:

## Fokusareas

### Vertaling van Bybel- en religieuse tekste

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NTS614 | Tekstuele en linguistiese aspekte van Bybel- en religieuse vertaling | 16 |
| NTS634 | Modelle vir Bybel- en religieuse vertaling | 16 |

### Qumran, Judaïsme en die oorsprong van die Christendom

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NKS614 | Die Qumrantradisie | 16 |
| NKS634 | Qumran en die ander religieë | 16 |

### Kulture en godsdienste van die Nabye Ooste

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NGK614 | Algemene Godsdiensteorieë | 16 |
| NGK634 | Godsdienste van die Nabye Ooste | 16 |

### Nabye Oosterse en Bybeltale

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NBT614 | Linguistiese benaderings tot Nabye Oosterse en Bybeltale | 16 |
| NBT634 | Linguistiese aspekte van Nabye Oosterse en Bybeltale | 16 |

### Nabye Oosterse en Bybelliteratuur

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NBL614 | Literêre benadering tot Nabye Oosterse prosa en poësie | 16 |
| NBL634 | Tematiese aspekte van Nabye Oosterse literatuur | 16 |

## REG. B52 MAGISTER ARTIUM – NABYE OOSTERSE STUDIE
## M.A. (Nabye Oosterse Studie) 130 krediete

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Naas die algemene toelatingsvereistes tot die Magister, geld die volgende:

i) Op aanbeveling van die Departementshoof, mag studente met 'n Honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie in 'n aanverwante dissipline toegelaat word tot die M.A. (Nabye Oosterse Studie).

ii) 'n Bykomende toelatingsassessering mag vereis word deur die Departementshoof in gevalle sonder direkte artikulasie vanaf die B.A. Honneurs (Nabye Oosterse Studie).

### 2. KURRIKULUM

Studente moet in oorleg met die Departementshoof een van die volgende opsies uitoefen:

**Opsie 1**
**Verhandeling (Kode: NOS700)**
**Studiekode 1854**

'n Volledige **Navorsingsverhandeling** wat voldoen aan die standaarde van die Magister word verwag.

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NOS700 | Verhandeling | 130 |

**Opsie 2**
**Twee verbandhoudende artikels (Kode: NOS702)**
**Studiekode 1854**

**Studente skryf twee publiseerbare, verbandhoudende artikels.**

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NOS702 | Twee verbandhoudende artikels | 130 |

**Opsie 3**
**Gestruktureerde M.A.**
**Studiekode 1855**

Die modules vir die kurrikulum van die M.A. (Nabye Oosterse Studie) word saamgestel uit die volgende fokusareas in oorleg met die Departementshoof.

Die kurrikulum word soos volg saamgestel:
i) Twee modules van 32 krediete elk uit die onderstaande fokusareas
ii) 'n Uitgebreide skripsie (66 krediete) in een van die fokusareas

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NOS791 | Uitgebreide skripsie | 64 |

### Vertaling van Bybel en religieuse tekste

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NTS718 | Deskriptiewe vertaalkunde van Bybel- en religieuse tekste | 32 |
| NTS738 | Korpusvertaalkunde van Bybel- en religieuse tekste | 32 |

### Qumran, Judaïsme en die oorsprong van die Christendom

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NKS718 | Qumrantekse | 32 |
| NKS738 | Qumran as kulturele objek | 32 |

### Kulture en godsdienste van die Nabye Ooste

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NGK718 | Nabye Oosterse en Afrika religie | 32 |
| NGK738 | Godsdienssosiologie van die Nabye Ooste | 32 |

### Nabye Oosterse en Bybeltale

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NBT718 | Afro-Asiatiese linguistiek | 32 |
| NBT738 | Taal in die Nabye Oosterse konteks | 32 |

### Nabye Oosterse en Bybelliteratuur

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| NBL718 | Literatuur en samelewing in die Nabye Ooste | 32 |
| NBL738 | Periodisering en tradisies | 32 |

## REG. B53 PHILOSOPHIAE DOCTOR – NABYE OOSTERSE STUDIE Ph.D.

**Studiekode: 1960** **256 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Die Departementshoof het die gesag om studente goed te keur en te aanvaar wat andersins nie **streng** aan die algemene toelatingsvereistes van die universiteit voldoen nie.

### 2. KURRIKULUM EN ASSESSERING

Studente moet 'n proefskrif (Modulekode NOS900) of vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels (Modulekode NOS905) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

# FILOSOFIE

## REG. B54 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – FILOSOFIE
**B.A.Hons.**
**Studiekode: 1500 — 128 krediete**

**VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING**

Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die B.A. Honneurs, geld die volgende:

1. Toelating tot die Honneurs in Filosofie is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van enige driejarige Baccalaureus-graad of gelykwaardige kwalifikasie in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

### 1. KURRIKULUM

Die kurrikulum is saamgestel uit:

1. Vier verpligte modules wat 50% uitmaak van die kursus en wat geëksamineer word in vier twee-uur vraestelle.
2. 'n verpligte navorsingsprojek van beperkte omvang wat 50% van die program uitmaak waarin studente 'n navorsingsrapport aanbied oor 'n goedgekeurde onderwerp.

### 1.1 Verpligte modules (64 krediete)

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| WYS603 | Kognitiewe en kulturele filosofie | 16 |
| WYS604 | Filosofie van rasionaliteit, handeling en denke | 16 |
| WYS605 | Etiese besluitneming | 16 |
| WYS606 | Wêreldbeskouing interpretasie | 16 |

### 1.2 Navorsingsprojek (64 krediete)

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| WYS691 | Filosofie: Navorsingsprojek | 64 |

## REG. B55 MAGISTER ARTIUM – FILOSOFIE M.A.
**Studiekode: 1830 — 130 krediete**

### VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING
Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die Magisterstudies, geld die volgende:

1. Toelating tot die Magister in Filosofie is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van ten minste 'n Baccalaureus honneursgraad of 'n gelykwaardige kwalifikasie, in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.

### KURRIKULUM
'n Verhandeling (modulekode WYS700) oor 'n navorsingsonderwerp word deur die kandidaat in oorleg met 'n studieleier in die department gekies. Die verhandeling moet getuig van die kandidaat se vermoë tot onafhanklike navorsing, duidelike formulering en vakkundige insig.

### ASSESSERING
Assessering sluit in interne assessering, sowel as eksterne assesering en moderering.

## REG. B56 PHILOSOPHIAE DOCTOR – FILOSOFIE
**Ph.D.**
**Studiekode: 1960** **256 krediete**

### VOORSKRIFTE EN VOORLIGTING
Benewens die algemene toelatingsvereistes tot die Ph.D.-studie, geld die volgende:

1. Toelating tot die Ph.D. in Filosofie is onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof.
2. Studente moet in besit wees van 'n Magister in Filosofie of enige ander Magistergraad in welke geval, indien dit nodig geag word, 'n bykomende toelatingsassessering vereis kan word.
3. Die finale aanvaarding van 'n kandidaat is onderworpe aan die suksesvolle aflegging van 'n mondelinge eksamen oor toepaslike onderwerpe en temas.

### KURRIKULUM
'n Proefskrif (modulekode WYS900) oor 'n navorsingsonderwerp word deur die kandidaat in oorleg met die promotor gekies. Die proefskrif moet getuig van onafhanklike, indringende navorsing wat 'n oorspronklike, wetenskaplike bydrae tot bestaande kennis in die dissipline sal lewer.

### ASSESSERING
'n Graad sal toegeken word na suksesvolle voltooiing en assessering van die proefskrif deur 'n paneel van interne en eksterne assessore.

# POLITIEKE WETENSKAP

## REG. B57 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – POLITIEKE WETENSKAP B.A.Hons. 128 krediete

**1. TOELATINGSVEREISTES**

Om te voldoen aan die vereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, moet kandidate in besit wees van 'n Baccalaureusgraad met 96 krediete in Politieke Wetenskap. Kandidate moet aansoek doen om toelating by die Departementele Voorsitter. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring.

**2. SPESIALISERINGSRIGTINGS**

Studente kies tussen die volgende opsies:

(1) **Opsie A:** Politieke Dinamika en
(2) **Opsie B:** Internasionale Verhoudinge

**3. KURRIKULUM EN ASSESSERING**

**3.1 <u>Opsie A</u>:**
**B.A. Honneurs in Politieke Dinamika**
**Studiekode: 1526**

Die program is saamgestel uit
(1) drie verpligte modules en
(2) twee elektiewe

Studente skryf vier eksamenvraestelle en word ook geassesseer oor die inhoud van 'n verpligte skripsie.

### 3.1.1 Verpligte modules (80 krediete)

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| PTW601 | Metodologie en navorsingsvoorstel (gelykwaardig bepunt) | 24 |
| PTW602 | Politieke teorie | 24 |
| PTW691 | 'n Skripsie: selfstandige navorsing (± 8 - 10 000 woorde) word as 'n uitvloeisel van die navorsingsvoorstel in PTW601 aangebied | 32 |

### 3.1.2 Elektiewe (48 krediete)

In oorleg met die dosente en die Departementele Voorsitter moet studente twee modules ter waarde van 48 krediete uit die volgende tabel kies:

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| PTW603 | Staatsvorme en regeringstelsels: vergelykende perspektief | 24 |
| PTW604 | Partye, belangegroepe en vraagstukke in die Suid-Afrikaanse politiek | 24 |
| PTW605 | Die politiek van demokratisering en verkiesings in Afrika | 24 |
| PTW606 | Globalisering, die staat en die politiek van burgerskap | 24 |

**Neem kennis:** Nie alle elektiewe hierbo gelys word elke jaar aangebied nie.

### 3.2 Opsie B:
### B.A. Honneurs in Internasionale Verhoudinge
### Studiekode: 1527

Die program is saamgestel uit
(1) drie verpligte modules en
(2) twee elektiewe

Studente skryf vier eksamenvraestelle en word ook geassesseer oor die inhoud van 'n verpligte skripsie.

### 3.2.1 Verpligte modules (80 krediete)

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| PTW601 | Metodologie en navorsingsvoorstel (gelykwaardig bepunt) | 24 |
| PTW607 | Kontemporêre denkers in internasionale verhoudinge | 24 |
| PTW691 | 'n Skripsie: selfstandige navorsing (± 8 - 10 000 woorde) word as 'n uitvloeisel van die navorsingsvoorstel in PTW601 aangebied | 32 |

### 3.2.2 Elektiewe (48 krediete)

In oorleg met die dosente en die Departementele Voorsitter moet studente twee modules ter waarde van 48 krediete uit die volgende tabel kies:

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| PTW606 | Globalisering, die staat en die politiek van burgerskap | 24 |
| PTW608 | Globale politieke ekonomie en die politiek van regionalisme | 24 |
| PTW609 | Buitelandse beleid en diplomasie | 24 |
| PTW610 | Internasionale reg | 24 |
| FRN604 | 'n Tema van die kandidaat se eie keuse gekies in oorleg met die vakhoof | 32 |

**Neem kennis:** Nie alle elektiewe hierbo gelys word elke jaar aangebied nie.

## REG. B58 MAGISTER ARTIUM – POLITIEKE WETENSKAP M.A. 192 krediete

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Behalwe die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, moet kandidate wat 'n verhandeling wil skryf en nie oor die aanvaarbare metodologiese kwalifikasie beskik nie gelyktydig vir die metodologiemodule PTW701 registreer.

### 2. M.A. MET VERHANDELING (192 krediete) Studiekode 1830

Studente met 'n Honneursgraad in Politieke Wetenskap skryf 'n verhandeling ter waarde van 192 krediete oor 'n goedgekeurde onderwerp wat verbandhou met die spesialisasieterrein op Honneursvlak (modulekode PTW700).

### 3. GESTRUKTUREERDE M.A.-GRAAD (192 krediete) Studiekode 1831

#### 3.1 Duur van die studie

Die kurrikulum strek oor ten minste een akademiese jaar.

#### 3.2 Kurrikulum

Die M.A. spesialisasie in Veiligheidstudies is saamgestel uit

(1) drie verpligte modules en

(2) twee elektiewe

Studente skryf vier eksamenvraestelle en word ook geassesseer oor die inhoud van 'n verpligte uitgebreide skripsie.

### 3.2.1 Verpligte modules (128 krediete)

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| PTW701 | Navorsingsmetodologie en -voorstel (gelykwaardig bepunt) | 32 |
| PTW702 | Kontemporêre denke oor veiligheid | 32 |
| PTW791 | 'n Uitgebreide skripsie: selfstandige navorsing (± 15 - 25 000 woorde) word as 'n uitvloeisel van die navorsingsvoorstel in PTW701 aangebied | 64 |

### 3.2.2 Elektiewe (64 krediete)

In oorleg met die dosente en die Departementele Voorsitter moet studente twee modules ter waarde van 64 krediete uit die volgende tabel kies:

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| PTW703 | Konfliktransformasie | 32 |
| PTW704 | Die veiligheidstrukture van Afrika | 32 |
| PTW705 | Politieke risiko-analise en vroeë waarskuwing | 32 |
| PTW706 | Gender en veiligheid in Afrika | 32 |
| PTW707 | Geselekteerde globale en regionale veiligheidskwessies | 32 |
| PTW708 | Die politieke ekonomie van oorlog | 32 |

**Neem kennis:** Nie alle elektiewe hierbo gelys word elke jaar aangebied nie.

## REG. B59 PHILOSOPHIAE DOCTOR – POLITIEKE WETENSKAP Ph.D.

**Studiekode: 1960** **240 krediete**

Studente lê 'n mondelinge eksamen af en skryf 'n proefskrif oor 'n goedgekeurde onderwerp (modulekode PTW900).

## SEMITIESE TALE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie.

## BEDRYFSIELKUNDE

Raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

## EKONOMIE

Raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

## WISKUNDE

Raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Landbou en Natuurwetenskappe

## SIELKUNDE

Studente volg die kurrikulums by B.Soc.Sc.Hons., M.Soc.Sc. en Ph.D.

# SOSIOLOGIE

## REG. B60 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – SOSIOLOGIE
**B.A.Hons.**
**Studiekode: 1500 — 128 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES

1.1 Om te voldoen aan die vereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, moet kandidate in besit wees van 'n Baccalaureusgraad met 96 krediete in Sosiologie. Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studie onderbreek het nie, mag by die Departementele Voorsitter aansoek doen om toelating; UV-studente wat hul studie onderbreek het en studente van ander universiteite, moet direk by die administrasie (Eenheid vir voornemende studente) aansoek doen om toelating.

1.2 Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring.

### 2. KURRIKULUM

**Verpligte modules (80 krediete)**

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| SOS618 | Sosiologiese teorie | 32 |
| SOS628 | Sosiale navorsing | 32 |
| SOS614 | Uitgebreide werkstuk (± 8 000 woorde) | 16 |

**Keusemodules (48 krediete)**

Studente moet in oorleg met die Departementele Voorsitter **twee modules** uit die onderstaande tabel kies.

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| SOS636 | Die sosiologie van ontwikkelende samelewings | 24 |
| SOS646 | Die sosiologie van bevolking en die omgewing | 24 |
| SOS656 | Bedryfsosiologie | 24 |
| SOS666 | Capita selecta uit spesialiteitsrigtings in die sosiologie | 24 |
| XXXYY6 | 'n Module uit 'n aanverwante studierigting waarvoor toelating verkry is (gebruik toepaslike modulekode) | 24 |

## REG. B61 MAGISTER ARTIUM – SOSIOLOGIE M.A.

**Studiekode: 1700 130 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES

1.1 Om te voldoen aan die vereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting, moet kandidate in besit wees van 'n Honneursgraad in Sosiologie (of enige toepaslike Honneurskwalifikasie onderhewig aan 'n tentamen en/of bykomende leer vasgestel in oorleg met die Departementele Voorsitter). Kandidate moet aansoek doen om toelating: UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, mag by die Departementele Voorsitter aansoek doen om toelating; UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander Universiteite, moet direk by die administrasie (Eenheid vir voornemende studente) aansoek doen om toelating.

1.2 Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring.

### 2. KURRIKULUM

Studente skryf 'n **verhandeling** (modulekode SOS700) oor 'n goedgekeurde onderwerp of handig ten minste twee verbandhoudende, publiseerbare artikels (SOS702) in.

## REG. B62 PHILOSOPHIAE DOCTOR – SOSIOLOGIE
**Ph.D.**
**Studiekode: 1960 — 256 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES
Kandidate moet aansoek doen om toelating. UV-studente wat nie hul studies onderbreek het nie, mag by die Departementele Voorsitter aansoek doen om toelating. UV-studente wat hul studies onderbreek het en studente van ander Universiteite, moet direk by die administrasie (Eenheid vir voornemende studente) aansoek doen om toelating.

### 2. KURRIKULUM
Studente moet 'n proefskrif (modulekode: SOS900) of ten minste vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels (modulekode: SOS905) skryf oor 'n onderwerp gekies in oorleg met die promotor en die Departementele Voorsitter.

# TEOLOGIE

Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Teologie.

# NAGRAADSE PROGRAM IN AFRIKASTUDIE

Die nagraadse program in Afrikastudie is multi-dissiplinêr en bestaan uit die kwalifikasies: B.A. Honneurs, M.A. (Afrikastudie) en Ph.D. in Afrikastudie.

## REG. B63 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – AFRIKASTUDIE
**B.A.Hons.**
**Studiekode: 1500** **128 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES

i) Studente moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie in 'n aanverwante dissipline binne Afrikastudie.

ii) Studente mag op grond van voorafleer, wat in samewerking met die streekkantoor vir EVL (Eenheid vir Voorafleer) geskied, deur die Programdireksie toegelaat word.

### 2. KURRIKULUM

Die kurrikulum bestaan uit die volgende verpligte modules:

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| ACS601 | Ontwikkeling en onderontwikkeling in Afrika | 32 |
| ACS602 | Historiese en politieke omgewing van Afrika | 32 |
| ACS603 | Omgewing en hulpbronne van Afrika | 32 |
| ACS604 | Navorsingmetodologie en projekstrukturering | 32 |

## REG. B64 MAGISTER ARTIUM – AFRIKASTUDIE
## M.A. 130 krediete

**1. TOELATINGSVEREISTES**

Naas die algemene toelatingsvereistes tot die Magister, geld die volgende:

i) Studente met 'n Honneursgraad of ekwivalente kwalifikasie in 'n aanverwante dissipline geldig binne Afrikastudie mag deur die Programdireksie toegelaat word;

ii) Studente mag op grond van bewese voorafleer, wat in samewerking met die EVL (Eenheid vir Voorafleer) se streekskantoor geskied, met die goedkeuring van die Programdireksie toegelaat word, in welke geval addisionele modules voorgeskryf mag word.

iii) Bewese akademiese standaard in navorsing en bogemiddelde akademiese rekord word verwag vir toelating tot Opsie 1 hieronder.

**2. KURRIKULUM**

Studente moet in oorleg met die Programdireksie een van die volgende opsies uitoefen:

**Opsie 1:** Navorsingsverhandeling (ACS700)
**Studiekode: 1846**

**of**

Twee publiseerbare verwante artikels (ACS792)
**Studiekode 1846**

**Opsie 2:** Gestruktureerd
**Studiekode: 1847**

Studente moet een van die spesialisrigtings hieronder kies. Elke spesialisrigting vereis dat studente twee modules (32 krediete elk) neem en 'n uitgebreide skripsie (66 krediete) moet skryf.

| Spesialisrigtings | Modulekodes | | Skripsiekode |
|---|---|---|---|
| Landbou-ekonomie in Afrika | ALE718 | ALE728 | ALE791 |
| Afrika, Globale Orde en Politieke Herstrukturering | APH718 | APH728 | APH791 |
| Stedelike en landelike Ontwikkeling in Afrika | ASL718 | ASL728 | ASL791 |
| Toerisme en Eko-Toerisme in Afrika | ATE718 | ATE728 | ATE791 |
| Grondvraagstukke en kultuur in Afrika | AGK718 | AGK728 | AGK791 |
| Afrika-identiteite en Rennaisance | AIR718 | AIR728 | AIR791 |
| Inheemse Kennissisteme en Postkoloniale Kritiek | ACS718 | ACS728 | ACS791 |
| Capita Selecta | AKM718 | AKM728 | AKM791 |

## REG. B65 PHILOSOPHIAE DOCTOR – AFRIKASTUDIE Ph.D.
**Studiekode: 1960 240 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES
Alleen studente met 'n bewese navorsingsagtergrond en in besit van 'n Magistergraad of gelykwaardige kwalifikasie word toegelaat. Van voornemende studente word verwag om 'n navorsingsopstel te skryf alvorens die proses van studieleiding kan begin. Addisionele vereistes kan gestel word indien nie aan al die toelatingsvereistes voldoen word nie

### 2. KURRIKULUM
Studente moet 'n proefskrif (modulekode ACS900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die Programdireksie bepaal word. Die proefskrif moet 'n behoorlike teoretiese raamwerk hê en moet voldoen aan al die kriteria gestel vir hierdie gevorderde vlak van navorsing.

# NAGRAADSE PROGRAM IN GENDERSTUDIE

## REG. B66 NAGRAADSE DIPLOMA IN GENDERSTUDIE
**Studiekode: 1205** **120 krediete**
(Onderworpe aan goedkeuring deur Nasionale Onderwysdepartement)

### 1. TOELATINGSVEREISTES
Studente word toegelaat tot die diploma indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in die Algemene regulasies en oor 'n NKR vlak 6-kwalifikasie beskik ('n eerste graad of ekwivalent), maar met die toegewing dat 'n wye verskeidenheid hoofvakke geskik is vir toelating. Keuringstoetse in taal en begrip word ook afgelê.

### 2. KURRIKULUM

### 2.1 Verpligte module (30 krediete)

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| GTN608 | Feministiese teorie | 30 |

**en**

### 2.2 Elektiewe modules (90 krediete – 3 uit onderstaande)

**Aangebied op roterende basis; studente kies uit modules wat in hul jaar van registrasie beskikbaar is.**

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| GAW608 | Gender en werk | 30 |
| GIT608 | Gender en institusionele transformasie | 30 |
| CMG680 | Geslagtelikheid, onderwys en bestuur | 30 |
| GLA608 | Gender en taal | 30 |
| GTA608 | Gender en tradisie | 30 |

## REG. B67 MAGISTER ARTIUM (GENDERSTUDIE)
## M.A. (Genderstudie)
## Studiekode: 1741 180 krediete

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Studente word toegelaat tot die graad indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in die Algemene regulasies en oor 'n kwalifikasie op NQF-vlak 7 beskik ('n honneurs, 'n vierjaar-graad, of 'n nagraadse diploma), maar met die toegewing dat 'n wye verskeidenheid hoofvakke as toepaslik beskou word vir toelating. Toelatingstoetse in taal- en begripsvaardigheid word ook afgelê.

### 2. KURRIKULUM

#### 2.1 Verpligte modules (120 krediete)

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| GTN708 | Feministiese teorieë | 30 |
| GRM708 | Navorsingsmetodologie en -voorstel | 30 |
| GEN791 | Uitgebreide skripsie | 60 |

**en**

#### 2.2 Elektiewe modules (60 krediete)

**Elektiewe modules aangebied op 'n twee-jaarlikse rotasie basis. Studente kies twee modules uit die lys wat van toepassing is in die betrokke registrasiejaar.**

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| GAL708 | Gender en die reg | 30 |
| GLI708 | Gender en die letterkunde | 30 |
| GVC708 | Gender en die geskiedenis | 30 |
| GOM708 | Gender, religie en feministiese kritiek | 30 |
| GDE708 | Gender en ontwikkeling | 30 |
| GSE708 | Gender en sekuriteitspolitiek | 30 |

# NAGRAADSE PROGRAM IN KULTUURSTUDIE

## REG. B68 BACCALAUREUS ARTIUM HONORES – KULTUURSTUDIE
**B.A.Hons.**
**Studiekode: 1501** **128 krediete**

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Studente word toegelaat tot die graad indien hulle voldoen aan die toelatingsvereistes soos vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting. Studente sal egter waar nodig geassesseer word en kan vereis word om bykomende modules te neem.

### 2. KURRIKULUM

Die interdissiplinêre Honneurs Kultuurstudieprogram word hoofsaaklik saamgestel uit **enige twee modules** van 16 krediete elk uit Kulturele Antropologie, Geskiedenis, Nabye Oosterse Studie, Visuele Kultuurstudie en Filosofie; asook 'n verpligte interdissiplinêre module (32 krediete); en 'n verpligte skripsie of **een** verbandhoudende, publiseerbare artikel (64 krediete).

### 2.1 Studente moet twee van die volgende modules neem

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| KUH601 | Kulturele Antropologie | 16 |
| KUH602 | Filosofie | 16 |
| KUH603 | Geskiedenis | 16 |
| KUH604 | Visuele Kultuurstudie | 16 |
| KUH605 | Nabye Oosterse Studie | 16 |

### 2.2 Verpligte module

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| KUH606 | Interdissiplinêre module | 32 |

### 2.3 Verpligtend (64 krediete)

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| KUH607 | Uitgebreide skripsie of een publiseerbare artikel | 64 |

Studente wat in Rekreasie en Toerisme spesialiseer moet drie modules uit die tabel kies.

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| MBW612 | Beplanning van volhoubare Rekreasie en Toerisme Ontwikkeling | 32 |
| MBW613 | Fasiliteit, Program en Risikobestuur in Rekreasie en Toerisme | 32 |
| MBW614 | Ekotoerisme | 32 |
| MBW615 | Aktiwiteitsbestuur | 32 |

### 2.5 Spesialisasiemodules vir studente wat in Sportwetenskap spesialiseer (96 krediete)

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| MBW603 | Oefenprogramvoorskrif | 32 |
| MBW605 | Assessering en Sportwetenskap Praktyk | 32 |
| MBW618 | Oefening en Voeding | 32 |

## REG. B110 MAGISTER ARTIUM (MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE) M.A. (Menslike Bewegingskunde) Studiekode: 1707 130 krediete

### 1. TOELATINGSVEREISTES

Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van toelating tot die magistergraad (algemene regulasie A80) geld vir toelating tot hierdie graad.

### 2. M.A.-GRAAD DEUR MIDDEL VAN 'N VERHANDELING

Studente met 'n honneursgraad in Menslike Bewegingskunde of 'n ekwivalente kwalifikasie mag die M.A.-graad verwerf deur 'n verhandeling van 120 krediete in te handig (MBW700).

## REG. B111 PHILOSOPHIAE DOCTOR – MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE Ph.D. Studiekode: 1960 240 krediete

### KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (modulekode MBW900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

# NAGRAADSE PROGRAM IN ALGEMENE SOSIALE WETENSKAPPE

## REG. B112 BACCALAUREUS SOCIETATIS SCIENTIAE HONORES B.Soc.Sc.Hons. Studiekode: 2500

Na voltooiing van die B.Soc.Sc., kan studente hul B.Soc.Sc.Hons. voortsit in een van die volgende dissiplines:

| | |
|---|---|
| 1. Kriminologie | Studente volg die kurrikulum by B.A.Hons. (Kriminologie) |
| 2. Sielkunde | Studente volg die kurrikulum by B.Soc.Sc.Hons. |
| 3. Sosiologie | Studente volg die kurrikulum by B.A.Hons. (Sosiologie) |
| 4. Bedryfsielkunde | Raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |

## REG. B113 SIELKUNDE

**1.**

(a) Die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die honneurs is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.

(b) Studente wat belangstel om die Honneursprogram in Sielkunde te doen, moet voor 16 Januarie aansoek doen om toelating. Voornemende studente moet 'n gemiddeld van 65% (en 'n subminimum van 60%) in hul derdejaar Sielkunde-modules behaal ten einde toelating tot die program te verkry. Verder is die voltooiing van 'n voorgraadse module in inferensiële statistiek 'n voorvereiste vir toelating tot sommige modules in die program.

## 2. DUUR VAN STUDIE

Die kurrikulum strek oor een akademiese jaar vir voltydse studente of twee akademiese jare vir deeltydse studente.

## 3. KURRIKULUM

Die kurrikulum bestaan uit **tien** verpligte 16 kredietmodules.

**Jaarmodules**

SIL604 Perspektiewe op groepe en gemeenskappe
SIL606 Navorsingsverslag

**Eerste Semester modules**

SIL614 Ontwikkelingsielkunde
SIL634 Psigometriese Teorie
SIL654 Terapeutiese intervensie en etiek
SIL674 Kliniese Gesondheidsielkunde

**Tweede semester modules**

SIL624 Sosiale Sielkunde
SIL644 Sielkundige Assessering
SIL664 Psigopatologie
SIL684 Data analise – Gevorderde tegnieke

**B.Psig.-ekwivalensie**

Studente wat daarin belangstel om as beraders te registreer by die Raad vir Gesondheidsprofessies, kan na afloop van hul honneursgraad vir B.Psig.-ekwivalensie aansoek doen. Gekeurde studente sal toegelaat word om SIL600 – 'n internskap te voltooi.

---

## REG. B114 MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE M.Soc.Sc. 130 krediete

---

Na voltooiing van die B.Soc.Sc.Hons., kan studente hul M.Soc.Sc. voortsit in een van die volgende dissiplines:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Kriminologie | | Volg die kurrikulum by M.A. (Kriminologie) |
| | Studiekode: | | 2700 |
| 2. | Sielkunde | | Volg die kurrikula by M.Soc.Sc. |
| | | **of** | M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde) |
| | | **of** | M.Soc.Sc. (Voorligtingsielkunde) |
| 3. | Sosiologie | | Volg die kurrikulum by M.A. (Sosiologie) |
| | Studiekode: | | 2700 |

## REG. B115 SIELKUNDE

**TOELATING**

(a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.

(b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.

(c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

**Studente wat hul studies wil voortsit in 'n navorsingsgerigte M.Soc.Sc. Sielkunde, kies een van die volgende twee opsies:**

**A. Opsie 1: Studiekode 2700: 130 krediete**

'n Verhandeling (SIL700) of minstens **twee** verbandhoudende publiseerbare artikels (SIL705) oor 'n goedgekeurde onderwerp.

**B. Opsie 2: Studiekode 2700: 130 krediete**

**TOELATING**

(a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.

(b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.

(c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

(d) Toelating tot die kursus in onderhewig aan keuring. Voornemende studente kan die Departementshoof kontak.

(e) Die graad sal slegs aangebied word indien daar minstens tien studente gekeur word vir die kursus.

Studente wat Opsie Twee kies, voltooi 'n skripsie (SLN791) oor 'n goedgekeurde onderwerp

**en**

Twee vraestelle (SLN701 en SLN702) (Gevorderde Navorsingsmetodologie en Capita Selecta)

**KURRIKULUM**

SLN701 Capita Selecta uit spesialisasiegebied
SLN702 Gevorderde Navorsingsmetodologie
SLN791 'n Skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp

**TOELIGTING**

Die doel met hierdie kursus is om studente op 'n gestruktureerde wyse voor te berei om voortreflike navorsing oor aktuele onderwerpe te inisieer, deur te voer en op skrif te stel.

Aansoeke om keuring moet op die voorgeskrewe vorm die Departementshoof vóór 15 November van die jaar wat die eerste inskrywing voorafgaan, bereik. Onderrig met die oog op die eksamen en voorbereiding vir die skripsie geskied deur middel van lesings, werkopdragte en seminare. Die tye van die beperkte getal lesings sal in oorleg met die studente bepaal word.

**ASSESSERING**

Die eksamen (SLN701 en SLN702) sal 40%, en die skripsie (SLN791) 60% van die finale slaagpunt tel. Die graadsertifikaat sal geëndoseer word met "Navorsingsielkunde".

## REG. B116 MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE (KLINIESE SIELKUNDE) M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde) Studiekode: 2730

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die volgende nagraadse program in professionele opleiding in sielkunde nog op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys. Geen finale uiteensetting is tans beskikbaar nie en leerders word dus voorlopig aangeraai om onderstaande kursusse te volg.

**INLIGTING**

Die doel met hierdie voltydse, tweejarige kursus is om die student op te lei sodat hy/sy ná suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoepe van S.A. (RGBSA) as sielkundige in die kategorie Kliniese Sielkunde kan registreer.

Die opleidingsprogram word gesamentlik deur die Departement Sielkunde en die opleidingsinstansie waar die internskap plaasvind, opgestel met inagneming van die voorskrifte van RGBSA.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte getal kandidate tot die magisterstudie in Kliniese Sielkunde toegelaat kan word, word hulle gekeur. 'n Student sal vir keuring oorweeg word indien hy/sy reeds 'n honneursgraad in Sielkunde of 'n B.Psig.-graad verwerf het of daarmee besig is.

Aansoeke om keuring en toelating moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word. Keuring vind gedurende die derde kwartaal van elke jaar plaas en die kursus neem in Januarie van die daaropvolgende jaar 'n aanvang.

Belangstellende studente van ander universiteite moet die inhoud van hul honneurskursusse aan die Departementshoof vir goedkeuring voorlê.

Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Hoof, Departement Sielkunde, UV.

## REGULASIES

### 1. TOELATING

(a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
(b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
(c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie.
(d) Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van onder meer volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

### 2. ASSESSERING

Eksaminering geskied aan die einde van elke studiejaar en kan skriftelik en/of mondeling wees.

Afgesien van die bostaande eksaminering moet die kandidaat 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n skripsie of een publiseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie skripsie of publiseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Kliniese Sielkunde van toepassing is. Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n skripsie (Reg. A88 - A93).

Met toestemming van die Departementshoof en die dekaan kan die skripsie of publiseerbare artikel op 'n later datum ingedien word.

By die berekening van die finale slaagpunt vir graaddoeleindes sal die onderskeie kursusse die volgende gewigte dra:

SKL701 25%

- Vraestel 1: Psigodiagnostiek
- Vraestel 2: Praktykvoering
- Vraestel 3: Kinderassessering en intervensie
- Vraestel 4: Adolessente assessering en intervensie
- Vraestel 5: Volwasse assessering en intervensie

SKL703 25%
SKL704 Suksesvolle deurloping van die internskap volgens Beroepsraadvereistes
SKL791 Uitgebreide skripsie 50%

'n Jaarpunt van 50% word vir SKL701 vereis. Die studente moet 'n subminimum van 50% vir elkeen van bogenoemde vyf vraestelle van SKL701 behaal.

## 3. KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die M.Soc.Sc.-graad in Kliniese Sielkunde bestaan uit:

SKL701 Kliniese sielkunde (eerste jaar)
SKL703 Kliniese Sielkunde (tweede jaar)
SKL704 'n Internskap in Kliniese Sielkunde volgens Beroepsraad-vereistes
SKL791 Kliniese sielkunde (Uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel)

Onder normale omstandighede registreer 'n student dus soos volg:

| | |
|---|---|
| Eerste studiejaar | SKL701 |
| Tweede studiejaar | SKL703 |
| | SKL704 (Internskap) |
| | SKL791 (Uitgebreide skripsie / artikel) |

## REG. B117 MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE (VOORLIGTINGSIELKUNDE) M.Soc.Sc. (Voorligtingsielkunde) Studiekode: 2740

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die volgende nagraadse program in professionele opleiding in sielkunde nog op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys. Geen finale uiteensetting is tans beskikbaar nie en leerders word dus voorlopig aangeraai om onderstaande kursusse te volg.

**INLIGTING**

Die doel met hierdie voltydse, tweejarige kursus is om die student op te lei sodat hy/sy ná suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoepe van S.A. (RGBSA) as sielkundige in die kategorie Voorligtingsielkunde kan registreer.

Die opleidingsprogram word gesamentlik deur die Departement Sielkunde en die opleidingsinstansie waar die internskap plaasvind, opgestel met inagneming van die voorskrifte van RGBSA.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte getal kandidate tot die magisterstudie in Voorligtingsielkunde toegelaat kan word, word hulle gekeur. 'n Student sal vir keuring oorweeg word indien hy/sy reeds 'n honneursgraad in Sielkunde of 'n B.Psig.-graad verwerf het of daarmee besig is.

Aansoeke om keuring en toelating moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word. Keuring vind gedurende die derde kwartaal van elke jaar plaas en die kursus neem in Januarie van die daaropvolgende jaar 'n aanvang.

Belangstellende studente van ander universiteite moet die inhoud van hul honneurskursusse aan die Departementshoof vir goedkeuring voorlê.

Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Hoof, Departement Sielkunde, UV.

## REGULASIES

### 1. TOELATING

(a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.

(b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.

(c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie.

(d) Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van onder meer volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

### 2. ASSESSERING

Eksaminering geskied aan die einde van elke studiejaar en kan skriftelik en/of mondeling wees.

Afgesien van die bostaande eksaminering moet die kandidaat 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n skripsie of een publiseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie skripsie of publiseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Kliniese Sielkunde van toepassing is. Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n skripsie (Reg. A88 - A93).

Met toestemming van die Departementshoof en die dekaan kan die verhandeling of publiseerbare artikel op 'n later datum ingedien word.

By die berekening van die finale slaagpunt vir graaddoeleindes sal die onderskeie kursusse die volgende gewigte dra:

SLV701 25%

- Vraestel 1: Psigodiagnostiek
- Vraestel 2: Praktykvoering
- Vraestel 3: Kinderassessering en intervensie
- Vraestel 4: Adolessente assessering en intervensie
- Vraestel 5: Volwasse assessering en intervensie

SLV703 25%
SLV704 Suksesvolle deurloping van die internskap volgens Beroepsraadvereistes
SLV791 Uitgebreide skripsie 50%

'n Jaarsyfer van 50% word vir SLV701 vereis. Die studente moet 'n subminimum van 50% vir elkeen van bogenoemde vyf vraestelle van SLV701 behaal.

## 3. KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die M.Soc.Sc.-graad in Voorligtingsielkunde bestaan uit:
SLV701 Voorligtingsielkunde (eerste jaar)
SLV703 Voorligtingsielkunde (tweede jaar)
SLV704 'n Internskap in Voorligtingsielkunde volgens Beroepsraad-vereistes
SLV791 Voorligtingsielkunde (Uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel)

Onder normale omstandighede registreer 'n student dus soos volg:
Eerste studie jaar: SLV701
Tweede studiejaar: SLV703
SLV704 (Internskap)
SLV791 (Uitgebreide skripsie / publiseerbare artikel)

## REG. B118 PHILOSOPHIAE DOCTOR
## Ph.D.
## Studiekode: 2930

**KURRIKULUM**

Die Ph.D.-graad word op grond van 'n proefskrif in die volgende departemente toegeken:

| | | |
|---|---|---|
| Kriminologie | Modulekode | KRM900 |
| Sielkunde | Modulekode | SIL900 |
| Sosiologie | Modulekode | SOS900 |

Wat die Ph.D.-graad in Sielkunde betref, word 'n proefskrif (SIL900) of minstens vyf publiseerbare artikels (SIL905) vereis of die volgende gedoseerde kursus kan gevolg word: Ph.D. in Kindersielkunde.

Vir die Ph.D.-graad in Sosiologie word 'n proefskrif (SOS900) of minstens vyf publiseerbare artikels (SOS905) vereis.

**Ph.D. (Kindersielkunde) Studiekode: 2930**

Die doel met hierdie program is om die student verder wetenskaplik op te lei sodat hy/sy na suksesvolle voltooiing daarvan as spesialis in 'n terrein van die Kindersielkunde kan optree.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte aantal kandidate tot hierdie doktorale studie toegelaat word, word hulle gekeur. 'n Student sal vir keuring oorweeg word indien hy/sy reeds 'n Magistergraad in Kliniese, Voorligting- of Opvoedkundige Sielkunde verwerf het en reeds ongeveer vyf jaar praktiese ondervinding in die veld van die Kindersielkunde/ Kinderpraktyk opgedoen het.

Aansoeke om keuring en toelating moet op 'n voorgeskrewe vorm ingedien word.

Daar sal van belangstellende studente vervang word om die inhoud van hul Magistergraadkursus aan die Ph.D.-komitee vir goedkeuring voor te lê.

Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Kursuskoördineerder: Ph.D.-komitee in Kindersielkunde, Departement Sielkunde, UV.

**KURRIKULUM**

Die kurrikulum vir die Ph.D.-graad (Kindersielkunde) bestaan uit die volgende modules:

SIL901 Kindersielkunde: Huidige benaderings
SIL902 Kindersielkunde: Gevorderde Teoretiese begronding
SIL903 Kindersielkunde: Gevordere praktykvoering
SIL991 Kindersielkunde (proefskrif van beperkte omvang)
**of**
SIL993 drie publiseerbare artikels

**ASSESSERING**

Die assessering vir SIL901, SIL902 en SIL903 bestaan onderskeidelik uit 'n deurlopende evaluering van referate wat gedurende die akademiese jaar gelewer word sowel as skriftelike en/of mondelinge vraestelle aan die einde van die jaar. 'n Subminimum van 50% moet behaal word in elke afsonderlike module. 'n Eksterne eksaminator word vir elke vraestel aangewys.

Afgesien van die bostaande eksaminering moet 'n proefskrif van beperkte omvang of drie publiseerbare artikels aan die einde van die studie ingedien word. Hierdie proefskrif moet handel oor 'n geskikte onderwerp in die Kindersielkunde, wat gekies word in oorleg met die departementele Navorsingskomitee.

Met toestemming van die Departementshoof en die Dekaan kan die proefskrif op 'n later datum ingedien word, met dien verstande dat die algemene regulasies ten opsigte van die indiening van proefskrifte (vergelyk Algemene Regulasies A116) hier van toepassing sal wees.

By die berekening van die finale slaagpunt vir graaddoeleindes, moet die student al drie modules slaag.

Die graadsertifikaat sal geëndoseer word met Ph.D. in Kindersielkunde.

# NAGRAADSE PROGRAM IN MAATSKAPLIKEDIENSBEROEPE

Studente kan die volgende nagraadse kwalifikasies verwerf:
(1) Magistergraad in Maatskaplike Werk by wyse van verhandeling
(2) Gestruktureerde Magistergraad in Maatskaplike Werk
(3) Doktoraat in Maatskaplike Werk

**Let wel:** Vir die meeste van hierdie kwalifikasies moet studente te alle tye geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe. Dit is belangrik dat studente bewys van registrasie moet kan lewer.

## REG. B119 MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK M. (M.W.)

### 1. TOELATINGSVEREISTES

In die reël moet studente voldoen aan die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting. Om toelating tot die graad M. (M.W.) te verkry moet studente oor 'n vierjaargraad in Maatskaplike Werk, 'n Honneursgraad in Maatskaplike Werk, 'n Gevorderde Diploma in Maatskaplike werk of 'n ekwivalente kwalifikasie beskik.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen of enige ander keuringsvereiste soos bepaal deur die Departementshoof.

### 2. KURRIKULUM

**2.1 M. (M.W.)-graad deur middel van 'n verhandeling**
**Studiekode 2714 (180 krediete)**

Studente met 'n Honneursgraad of 'n vierjaar Baccalaureusgraad mag, met die toestemming van die Departementshoof en onderworpe aan

voorwaardes wat gestel mag word, die Magistergraad verwerf deur 'n verhandeling (Modulekode MDB700).

### 2.2 Die gestruktureerde graad-M. (Maatskaplike Werk) Studiekode 2713 (180 krediete)

Die kurrikulum is saamgestel uit:
(1) verpligte modules wat deur alle studente geneem word en
(2) 'n elektief wat meer fokus op 'n spesifieke studiegebied binne die Maatskaplike werk.

Aangesien nie alle elektiewe noodwendig elke jaar aangebied word nie, moet studente die Departementshoof raadpleeg voordat hulle registreer.

Die program word gedeeltelik na-ure (byvoorbeeld op Saterdae) aangebied en strek oor ten minste twee akademiese jare.

#### 2.2.1 Modules vir die eerste jaar

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| GMM701 | Gevorderde Maatskaplikewerk metodologie (voorvereiste vir kliniese werk) | 30 |
| SWR701 | Gevorderde maatskaplikewerknavorsing (voorvereiste vir SRR791) | 45 |

Studente moet **een** van die volgende elektiewe neem (nadat hulle die Departementshoof geraadpleeg het).

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| MDB704 | Maatskaplikewerkbestuur en supervisie | 30 |
| LSS705 | Verlies en trauma | 30 |
| MFA701 | Multi-dimensionele biopsigososiale forensiese assessering | 30 |
| CSM701 | Capita selecta uit spesialiteitsvelde in Maatskaplike werk | 30 |

### 2.2.2 Modules vir die tweede jaar

| KODE | MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| KMW701 | Kliniese werk | 30 |
| SRR791 | Skripsie of publiseerbare verbandhoudende artikel(s) | 45 |

❖ **Kliniese werk**

Studente moet in **twee** van die primêre metodes van Maatskaplike werk praktiese werk doen. Kliniese werk moet fokus op die betrokke elektief. Wanneer studente supervisie en bestuur as elektief kies, bestaan hulle kliniese werk uit **een** van die primêre metodes van maatskaplike werk en die bestuur van die supervisieproses. Die kliniese werk word onder leiding van personeel van die Departement Maatskaplike werk gedoen.

### 2.2.3 Assessering

❖ **Kursusgedeelte**

Die wyse van assessering word in die studiehandleidings van die afsonderlike modules uiteengesit en bestaan uit een vraestel van vier ure (GMM701) en een van drie ure (elektief). Die kliniese module se assessering vind plaas in die vorm van 'n mondelinge eksamen. Eksaminering geskied aan die einde van elke studiejaar.

Assessering word gedoen deur persone wat deur die departementshoof goedgekeur is.

❖ **Maatskaplikewerk navorsing en skripsie**

Vir die navorsingsmodule (**SWR701**) word twee skriftelike eksamens afgeneem. Die skripsie moet fokus of die geselekteerde elektief. In die module **SRR791** word die finale verslag van die navorsingsprojek as eksamenstuk beoordeel. By die berekening van die finale punt vir die leerprogram, tel hierdie modules in maatskaplikewerknavorsing (**SWR701 en SRR791**) 50% van die totale aantal krediete.

Interne en eksterne assessering vind plaas.

**REG. B120 PHILOSOPHIAE DOCTOR**
**Ph.D.**
**Studiekode: 2930 240 krediete**

## 1. TOELATINGSVEREISTES

Om tot die Ph.D. toegelaat te word, moet 'n student beskik oor:
'n Magistergraad in die dissipline Maatskaplike Werk.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen of enige ander keuringsvereiste soos bepaal deur die Departementshoof.

## 2. KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (Modulekode MDB900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof gekies is.

# NAGRAADSE PROGRAM IN HOËRONDERWYSSTUDIE

## REG. B121 GEVORDERDE DIPLOMA IN HOËR ONDERWYS (G.D.H.O.) Studiekode: 7206

Hierdie kwalifikasie word in die Fakulteit Geesteswetenskappe deur die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling aangebied. Die diploma word deeltyds oor twee jaar aangebied en 'n brongebaseerde benadering word gevolg met beperkte kontaksessies per semester.

### 1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Gevorderde Diploma in Hoër Onderwys bied aan dosente-oëronderwyspraktisyns geleentheid om professioneel binne die hoëronderwyskonteks te ontwikkel. Dit blyk asof daar van alle hoëronderwyspraktisyns in die nabye toekoms verwag sal word om sodanige professionele kwalifikasie te verwerf.

### 2. TOELATINGSVEREISTES

Die algemene regulasies van die Universiteit ten opsigte van toelating tot diplomastudie geld vir toelating tot hierdie diploma.

'n Student word tot die program toegelaat indien hy/sy aan die volgende voorgeskrewe vereistes voldoen:

- 'n Baccalaureusgraad; en
- toepaslike werkservaring in hoër onderwys.

Indien 'n aansoeker nie aan al bogenoemde toelatingsvereistes voldoen nie, moet 'n spesiale motivering vir toelating, gebaseer op die erkenning van voorafleer, verstrek word.

## 3. DUUR VAN STUDIE

Hierdie kwalifikasie strek oor twee jaar.

## 4. KURRIKULUM

### Eerste Akademiese Jaar*

| SEMESTER | KODE | BESKRYWING | KREDIETE |
|---|---|---|---|
| 1 | HOS518 | Onderrig/Fasilitering | 16 |
| 1 | HOS519 | Innoverende studenteleer in konteks | 16 |
| 2 | HOS528 | Modulebeplanning en ontwikkeling van studiemateriaal | 16 |
| 2 | HOS529 | Die Hoëronderwys-omgewing | 16 |

### Tweede Akademiese Jaar*

| SEMESTER | KODE | BESKRYWING | KREDIETE |
|---|---|---|---|
| 1 | HOS512 | Assessering | 16 |
| 1 | HOS513 | Administrasie, bestuur en leierskap | 16 |
| 2 | **Elektief**<br><br>HOS522<br>HOS533 | Kies **EEN** van die volgende modules:<br>Samelewingsdiens<br>E-leerfasilitering | <br><br>16 |
| 2 | HOS501 | Professionele ontwikkeling as navorser | 16 |

**Totaal: 128 krediete**

* Die modules wat onder die Eerste Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende elke gelyke jaar aangebied (2010, 2012). Die modules wat onder die Tweede Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende die alternatiewe jaar of ongelyke jaar aangebied (2009, 2011).

## REG. B122 GEVORDERDE DIPLOMA IN VERDERE ONDERWYS (G.D.V.O.) Studiekode: 7235

Hierdie kwalifikasie word in die Fakulteit Geesteswetenskappe deur die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling aangebied. Die diploma word deeltyds oor twee jaar aangebied en 'n brongebaseerde benadering word gevolg met beperkte kontaksessies per semester.

### 1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Gevorderde Diploma in Verdere Onderwys bied aan dosenteverdere onderwyspraktisyns geleentheid om professioneel binne die verdere onderwyskonteks te ontwikkel. Dit blyk asof daar van alle verdere onderwyspraktisyns in die nabye toekoms verwag sal word om sodanige professionele kwalifikasie te verwerf.

### 2. TOELATINGSVEREISTES

Die algemene regulasies van die Universiteit ten opsigte van toelating tot diplomastudie geld vir toelating tot hierdie diploma.

'n Student word tot die program toegelaat indien hy/sy aan die volgende voorgeskrewe vereistes voldoen:

- 'n Driejarige diploma; en
- toepaslike werkservaring in verdere onderwys.

Indien 'n aansoeker nie aan al bogenoemde toelatingsvereistes voldoen nie, moet 'n spesiale motivering vir toelating, gebaseer op die erkenning van voorafleer, verstrek word.

### 3. DUUR VAN STUDIE

Hierdie kwalifikasie strek oor twee jaar.

## 4. KURRIKULUM

### Eerste Akademiese Jaar*

| SEMESTER | KODE | BESKRYWING | KREDIETE |
|---|---|---|---|
| 1 | FES518 | Onderrig/Fasilitering | 16 |
| 1 | FES519 | Innoverende studenteleer in konteks | 16 |
| 2 | FES528 | Modulebeplanning en ontwikkeling van studiemateriaal | 16 |
| 2 | FES539 | Die verdere onderwysomgewing | 16 |

### Tweede Akademiese Jaar*

| SEMESTER | KODE | BESKRYWING | KREDIETE |
|---|---|---|---|
| 1 | FES512 | Assessering | 16 |
| 1 | FES513 | Administrasie, bestuur en leierskap | 16 |
| 2 | **Elektief**<br><br>FES522<br>FES533 | Kies **een** van die volgende modules:<br>Samelewingsdiens<br>E-leerfasilitering | <br><br>16 |
| 2 | FES501 | Professionele ontwikkeling as navorser | 16 |

**Totaal: 128 krediete**

* Die modules wat onder die Eerste Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende elke gelyke jaar aangebied (2010, 2012). Die modules wat onder die Tweede Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende die alternatiewe of ongelyke jaar aangebied (2009, 2011).

## REG. B123 MAGISTER ARTIUM (HOËRONDERWYSSTUDIE) M.A. (H.O.S.) Studiekodes: 7831 / 7832 / 7833

Hierdie kwalifikasie word in die Fakulteit Geesteswetenskappe deur die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling aangebied. Die gestruktureerde formaat van die graad (studiekode 7832 of 7833) word deeltyds oor twee jaar aangebied en 'n brongebaseerde benadering word gevolg met beperkte kontaksessies per semester. Hierdie formaat sluit af met 'n 120-kredietdraende uitgebreide skripsie. Die ongestruktureerde formaat van die graad (studiekode 7831) vereis 'n verhandeling. 'n Gestruktureerde studieleidingsprogram wat oor 'n hele jaar strek, word vir studente aangebied wat die verhandeling of die uitgebreide skripsie doen.

### 1. LOOPBAANAANGELEENTHEDE

Weens verskillende interne en eksterne invloede is die verdere- en hoëronderwyskonteks nasionaal en internasionaal toenemend aan die verander. Ten einde dosente en bestuurslui aan hoër-/verdere onderwysinstellings toe te rus vir hierdie veranderinge, bied hierdie Magister Artium hoër en verdere onderwyspraktisyns die geleentheid om professioneel te ontwikkel en te bestuur op verskillende institusionele vlakke binne 'n dinamiese verdere- en hoëronderwys-omgewing.

### 2. TOELATINGSVEREISTES

Die algemene regulasies van die Universiteit ten opsigte van toelating tot magistergraadstudie geld vir toelating tot hierdie graad.

'n Student word tot die program toegelaat indien hy/sy aan die volgende voorgeskrewe vereistes voldoen:

- 'n Honneursgraad of ekwivalent daarvan; en
- toepaslike werkservaring in hoër- of verdere onderwys.

Indien 'n aansoeker nie aan al bogenoemde toelatingsvereistes voldoen nie, moet 'n spesiale motivering vir toelating, gebaseer op die erkenning van voorafleer, verstrek word.

## 3. DUUR VAN STUDIE

Hierdie deeltydse kwalifikasie strek oor twee jaar.

## 4. KURRIKULUM

**Magister Artium (Hoëronderwysstudie):**
**Hoër Onderwys: Gestruktureerd**
**Studiekode: 7832**

| **Jaar Een - Semester Een** | **Krediete** |
|---|---|
| **Twee** verpligte modules: | |
| HOS710: Hoëronderwysstelsels, transformasie en beleidsanalise. | 24 |
| HOS715: Leierskap en bestuur in hoër onderwys | 24 |
| **Jaar Een - Semester Twee** | |
| Kies **twee** van die volgende: | |
| HOS722*: Leerfasilitering en assessering/evaluering* | 24 |
| HOS723: Studenteleer en -ontwikkeling | 24 |
| HOS717: Samelewingsdiensleer | 24 |
| HOS719: Die ontwerp, implementering en bestuur van 'n E-leeromgewing | 24 |
| **Jaar Twee - Semester Een** | |
| Kies **een** van die volgende: | |
| HOS718: Nagraadse studieleiding | 24 |
| HOS716: Gehalteversekering | 24 |
| HOS711: Programbeplanning en -ontwikkeling/ Ontwerp van studiemateriaal | 24 |
| **en** | |
| HOS791: Navorsingsmetodologie en uitgebreide skripsie/ een (1) verbandhoudende, publiseerbare artikel | 120 |
| **Totale aantal krediete:** | **240** |

*HOS722 is verpligtend vir doserende personeel

## Magister Artium (Hoëronderwysstudie):
## Verdere Onderwys: Gestruktureerd
## Studiekode: 7833

| **Jaar Een - Semester Een** | **Krediete** |
|---|---|
| **Twee** verpligte modules: | |
| FES710: Verdere onderwysstelsels, transformasie en beleidsanalise. | 24 |
| FES715: Leierskap en bestuur in verdere onderwys | 24 |
| **Jaar Een - Semester Twee** | |
| Kies **twee** van die volgende: | |
| FES722*: Leerfasilitering en assessering/evaluering* | 24 |
| FES723: Studenteleer en -ontwikkeling | 24 |
| FES717: Samelewingsdiensleer | 24 |
| FES719: Die ontwerp, implementering en bestuur van 'n E-leeromgewing | 24 |
| **Jaar Twee - Semester Een** | |
| Kies **een** van die volgende: | |
| FES718: Nagraadse studieleiding | 24 |
| FES716: Gehalteversekering | 24 |
| FES711: Programbeplanning en -ontwikkeling/Ontwerp van studiemateriaal | 24 |
| **en** | |
| FES791: Navorsingsmetodologie en uitgebreide skripsie/ een (1) verbandhoudende, publiseerbare artikel | 120 |
| **Totale aantal krediete:** | **240** |

*FES722 is verpligtend vir doserende personeel

## Magister Artium (Hoëronderwysstudie):
## Verhandeling
## Studiekode: 7831

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| HOS700<br>**of**<br>HOS702 | Verhandeling: Hoëronderwysstudie<br>**of**<br>Twee (2) verbandhoudende, publiseerbare artikels: Hoëronderwysstudie | 240<br>**of**<br>240 |

## REG. B124 PHILOSOPHIAE DOCTOR – HOËRONDERWYSSTUDIE
## Ph.D.
**Studiekode: 7910** **240 krediete**

### 1. LOOPBAANGELEENTHEDE
Die Ph.D.-graad is 'n kwalifikasie wat afgestem is op onafhanklike voortgesette leer deur hoër- en verdere onderwyspraktisyns ten einde hulle te bemagtig om 'n leidende rol in die hoër en verdere onderwys- en opleidingsektore in Suid-Afrika te vervul. Die kwalifikasie sal studente in staat stel om komplekse kennis te integreer op die bepaalde spesialiseringsterrein van dié gevorderde Ph.D.-graad wat in die Fakulteit toegeken word.

### 2. TOELATINGSVEREISTES
Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van toelating tot graadstudie (Algemene Regulasies) geld vir toelating tot hierdie graad.

Om toelating te verkry tot die Ph.D.-studie in Hoëronderwysstudie, moet die student:
- beskik oor 'n magister- en/of doktorsgraad in 'n wetenskaplike rigting wat in die Ph.D.-onderwerp toepassing verkry;
- bewys lewer van toepaslike werkservaring in die hoër/verdere onderwyssektor;
- 'n navorsingsvoorstel in dien wat handel oor 'n onderwerp in hoër/verdere onderwys.

### 3. DUUR VAN STUDIE EN UITTREEVLAK
Die Ph.D.-studie strek oor ten minste twee jaar en kan verleng word met goedkeuring deur die betrokke Departementshoof.

### 4. ASSESSERING
Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van eksaminering is van toepassing op hierdie graadstudie.
- Die navorsingsvoorstel moet met sukses voor 'n paneel van ten minste drie dosente, wat die promotor en die betrokke departementshoof insluit, verdedig word. Na suksesvolle aflegging

van die mondelinge eksamen mag die titel van die proefskrif eers vir registrasie voorgelê word.

- Die proefskrif kan na 'n studietydperk van ten minste twee jaar met goedkeuring van die promotor en die betrokke departementshoof vir eksaminering ingedien word.
- Die finale verslag kan óf 'n proefskrif wees oor 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp in hoër/verdere onderwys wat deur die kandidaat gekies is in oorleg met die aangewese promotor(s)

**of**

- Vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels in ('n) geakkrediteerde tydskrif(te) oor 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp in hoër/ verdere onderwys wat deur die kandidaat gekies is in oorleg met die aangewese promotor(s).

Kwaliteitsversekering geskied deurdat dié proefskrif ekstern geeksamineer word.

## 5. KURRIKULUM

Die kurrikulum van hierdie kwalifikasie bestaan uit 'n keuse tussen twee moontlikhede:

| KODE | NAAM VAN MODULE | KREDIETE |
|---|---|---|
| HOS900<br>**of**<br>HOS905 | Proefskrif: Hoëronderwysstudie<br>**of**<br>Vyf (5) verbandhoudende, publiseerbare artikels: Hoëronderwysstudie | 240<br>**of**<br>240 |